# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

====================

# QUESTION PAPER ORAL REPLY

====================

Note: * Indicates translated version.

**THURSDAY, 26 JUNE 2025**

**INTERPELLATIONS**

1. **Mr D G Jacobs to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

With reference to the tragic death of a five-year-old child at the Eerste River Hospital on 12 May 2025, as well as the reported case involving prematurely born twins whose bodies were allegedly disposed of as medical waste at the Delft Clinic:

Whether her Department has any plans to address the recent deaths at clinics and hospitals due to alleged negligence?

*(259)*

2. **Mr M K Sayed to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

Whether a commission of enquiry into Communicare was ever established?

*(260)*

3. **Ms W F Kaizer-Philander to ask Mr J J Londt, Minister of Social Development:**

Withdrawn

With reference to his Department's commitment to assist and collaborate with Sassa regarding services rendered to the most vulnerable in society:

(a) What specific efforts or programmes has his Department engaged in collaboratively with Sassa to support vulnerable beneficiaries and (b) what support has his Department provided, if any, to aid the migration process relating to the Sassa gold card system?

*(264)*

## QUESTIONS FOR ORAL REPLY

**1. Ms A P Bans to ask Mr A R Winde, Premier:**

With regard to the winter readiness of the Province:

What work has been done by the provincial government to prepare for the winter rains especially in informal settlements and farming communities?

*(263)*

**2. Ms B M van Minnen to ask Mr A R Winde, Premier:**

In the light of the imminent return of loadshedding and the approaching winter season:

(1) What specific measures has Eskom implemented to enhance energy resilience;

(2) whether the residents of the province must have confidence in the adequacy and readiness of the regional energy resilience plans; if so, what are the relevant details?

*(271)*

**3. Ms D R Stephens to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

Whether she is aware of the drainage problem that is being experienced at the (a) Kraaifontein and (b) Scottsdene day hospitals when it rains heavily; if so, what has she and her Department done to address the problem?

*(257)*

**4. Ms D R Stephens to ask Mr R D Mackenzie, Minister of Cultural Affairs and Sport:**

Whether his Department has plans to repair the sports fields in (a) Scottsville and (b) Paarl East; if not, why not; if so, what are the relevant details?

*(258)*

**5. Ms R Windvogel to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

With regard to the renovations at the Railton Clinic in Swellendam following the fire:

(a) What is the status of the renovations and (b) what measures are in place to support the staff and patients?

*(261)*

**6. Ms R Windvogel to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

With regard to engagements on the upgrade of the Pacaltsdorp Clinic through the NHI initiative:

(1) (a)(i) When will the upgrade take place and (ii) how long will it take and (b) what will the upgrade entail;

(2) whether a contractor has been appointed; if so, what are the relevant details?

*(262)*

**7. Mr N P Masipa to ask Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

(1) What are the benefits of the Trusted Tour Operator Scheme for the province's tourism sector;

(2) whether the Minister foresees growth in tourist arrivals from markets such as India and China as a result of this scheme; if so, what impact this scheme will have on driving the Growth for Jobs Strategy?

*(266)*

**8. Mr N P Masipa to ask Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

(1) Whether the national Department of Water and Sanitation has engaged with his Department regarding the progress of the Clanwilliam Dam Project; if so, what are the relevant details;

(2) (a) what are the latest developments in relation to the project and (b) what impact have ongoing delays had on (i) job creation and (ii) economic development in the surrounding region?

*(267)*

**9. Ms W F Kaizer-Philander to ask Mr J J Londt, Minister of Social Development:**

In the light of the rising incidence of substance abuse, particularly among the youth in vulnerable communities:

What (a) additional resources and (b) strategies has his Department allocated in the (i) 2024/25 and (ii) 2025/26 financial years to expand access to prevention, early intervention and treatment services across the province?

*(268)*

**10. Ms W F Kaizer-Philander to ask Mr J J Londt, Minister of Social Development:**

(a) What step has his Department taken to strengthen child protection services and support for children and the youth at risk, particularly in high-risk areas where violence, abuse and neglect are prevalent and (b) how is his Department working with other stakeholders to ensure a coordinated response?

*(269)*

**11. Mr T C R Walters to ask Ms A J D Marais, Minister of Police Oversight and Community Safety:**

Whether she is aware that the Durbanville Policing Forum is experiencing difficulties in cooperating with the Station Commander of the Durbanville police precinct; if so, what are the relevant details?

*(270)*

**12. Mr T C R Walters to ask Mr R D Mackenzie, Minister of Cultural Affairs and Sport:**

Given the challenges of youth unemployment and the national government's disinvestment in youth service:

(a) How is the Province (i) sustaining and (ii) expanding the Year Beyond Programme in 2025/26 and (b) what tangible impact is this programme having on young people across the province?

*(271)*

**13. Mr F C Christians to ask Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

In the light of a report in June 2024 that identified the Cape Town Harbour as the worst-performing port in the world:

Whether he has had any discussions with the national Minister of Transport on how to improve the performance of the port; if so, what are the relevant details?

*(272)*

**14. Mr F C Christians to ask Mr I M Sileku, Minister of Mobility:**

Whether he has received any information from Prasa on when the stations of Mitchells Plain will be commissioned; if so, what are the relevant details?

*(273)*

**15. Mr B N Herron to ask Mr A W Bredell, Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning:**

With reference to the approved municipal staff establishments and appointments of former opposition councillors to positions in the office of the Executive Mayor of Cape Town:

In terms of the Local Government: Municipal Staff Regulations ("the Regulations"), read with section 66 of the Municipal Systems Act:

(1) (a) What are the details of the Council's compliance, if compliant, with the Regulations and (b) given that the Regulations allow for the Minister to submit comments, what are the details of his comments;

(2) whether his Department raised any objections to the appointment of these former opposition councillors; if not, why not; if so, what was the nature of the objections?

*(274)*

**16. Mr B N Herron to ask Mr A W Bredell, Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning:**

With reference to his reply to question 7 of 14 November 2024:

(1) What progress, if any, has been made by the provincial government's intervention in terms of section 139(1) of the Constitution and the directive arising from section 32(2) and 176(2) of the MFMA;

(2) whether the Municipality issued letters of demand to the cited individuals; if so, what are the relevant details;

(3) (a) what amount, if any, of the impugned expenditure has been recovered and (b) what are the next steps to recover any unrecovered amount?

*(275)*

**17. Ms T Lithakong to ask Mr D J Maynier, Minister of Education:**

(1) Whether his Department has any plans to build a new school in Ashton in the Langeberg municipal district; if so,

(2) whether suitable land has been identified; if not, (a) what is the reason for the delay, (b) what provision has been made to create a provisional safe learning space for learners, (c) what are the time frames to find suitable land and (d) when will the building process commence?

*(276)*

**18. Ms A Cassiem to ask Mr D J Maynier, Minister of Education:**

(a) How many school bullying cases have been recorded in 2025 to date, (b) in which district does the majority of these bullying cases occur and (c) how many of the total number of cases lodged have been resolved?

*(277)*

**19. Mr N Constable to ask Mr J J Londt, Minister of Social Development:**

With regard to the shelter in Beaufort West:

(1) Whether the shelter belongs to the Province; if not, (a) who is in control of the shelter and (b) what funding is provided to the shelter; if so, which NPO manages the shelter;

(2) whether the broader community has access to the shelter; if not, why not; if so, what are the relevant details?

*(278)*

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP

====================

# VRAELYS

## MONDELINGE BEANTWOORDING

====================

Nota: * Dui vertaalde weergawe aan.

**DONDERDAG, 26 JUNIE 2025**

**INTERPELLASIES**

***1. Mnr D G Jacobs vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Met verwysing na die tragiese dood van ŉ vyfjarige kind op 12 Mei 2025 by die Eersterivier Hospitaal, asook die aangemelde geval waarby ŉ vroeggebore tweeling betrokke is, met wie se lyke na bewering by die Delft-kliniek as mediese afval weggedoen is:

Of haar Departement enige planne het om aandag te skenk aan die onlangse sterftes by klinieke en hospitale as gevolg van beweerde nalatigheid?

*(259)*

***2. Mnr M K Sayed vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

Of ŉ kommissie van ondersoek na Communicare ooit aangestel is?

*(260)*

***3. Me W F Kaizer-Philander vra mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:**

Teruggetrek

Met verwysing na sy Departement se verbintenis om SASSA te help en met hom saam te werk met betrekking tot dienste wat aan die mees weerlose mense in die samelewing gelewer word:

(b) Watter spesifieke pogings of programme sy Departement saam met SASSA onderneem het om kwesbare begunstigdes te ondersteun en (b) watter ondersteuning, indien enige, sy Departement verskaf het om met die migrasieproses van die SASSA-gouekaartstelsel te help?

*(264)*

**VRAE VIR MONDELINGE BEANTWOORDING**

***1. Me A P Bans vra mnr A R Winde, Premier:**

Met verwysing na die Provinsie se wintergereedheid:

Watter werk die provinsiale regering gedoen het om vir die winterreën voor te berei, veral in informele nedersettings en plaasgemeenskappe?

*(263)*

***2. Me B M van Minnen vra mnr A R Winde, Premier:**

In die lig van die dreigende terugkeer van beurtkrag en die naderende winterseisoen:

(3) Watter spesifieke maatreëls Eskom geïmplementeer het om energieveerkragtigheid te verhoog;

(4) of die inwoners van die provinsie vertroue in die geskiktheid en gereedheid van die streeksenergieveerkragtigheidsplanne moet hê; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(271)*

***3. Me D R Stephens vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Of sy bewus is van die dreineringsprobleem wat by die (a) Kraaifontein- en (b) Scottsdene-daghospitaal ervaar word wanneer dit hard reën; so ja, wat sy en haar Departement gedoen het om aan die probleem aandag te skenk?

*(257)*

***4. Me D R Stephens vra mnr R D Mackenzie, Minister van Kultuursake en Sport:**

Of sy Departement planne het om die sportvelde in Scottsville en Paarl-Oos te herstel; so nee, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(258)*

***5. Me R Windvogel vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Met verwysing na die opknappings by die Railton-kliniek in Swellendam ná die brand:

(b) Wat die status van die opknappings is en (b) watter maatreëls in plek is om die personeel en pasiënte te ondersteun?

*(261)*

***6. Me R Windvogel vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Met verwysing na skakelings oor die opgradering van die Pacaltsdorp-kliniek deur middel van die NHI-inisiatief:

(2) (a) (i) Wanneer die opgradering sal plaasvind en (ii) hoe lank dit sal neem en (b) wat die opknapping sal behels;

(3) of ’n kontrakteur aangestel is; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(262)*

***7. Mnr N P Masipa vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

(1) Wat die voordele van die Skema vir Vertroude Toeroperateurs vir die provinsie se toerismesektor is;

(2) of die Minister ’n toename in die aankoms van toeriste uit markte soos Indië en China as gevolg van hierdie skema verwag; so ja, wat die impak van hierdie skema op die bevordering van die Strategie vir Werkgeleenthede deur Groei sal wees?

*(266)*

***8. Mnr N P Masipa vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

(3) Of die nasionale Departement van Water en Sanitasie met sy Departement oor die vordering van die Clanwilliam-damprojek geskakel het; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(4) (a) wat die jongste ontwikkelings met betrekking tot die projek is en (b) watter impak voortgesette vertragings op (i) werkskepping en (ii) ekonomiese ontwikkeling in die omliggende streek gehad het?

*(267)*

***9. Me W F Kaizer-Philander vra mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:**

In die lig van die stygende voorkoms van middelmisbruik, veral onder die jeug in weerlose gemeenskappe:

Watter (a) bykomende hulpbronne en (b) strategieë sy Departement in die (i) 2024/25-2024/2025 en (ii) 2025/26- finansiële jaar toegewys het om toegang tot voorkoming, vroeë ingryping en behandelingsdienste in die provinsie uit te brei?

*(268)*

***10. Me W F Kaizer-Philander vra mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:**

(b) Watter stappe sy Departement gedoen het om kinderbeskermingsdienste en ondersteuning te versterk vir kinders en die jeug wat in gevaar verkeer, veral in hoërisikogebiede waar geweld, mishandeling en verwaarlosing baie algemeen voorkom en (b) hoe sy Departement met ander belanghebbendes saamwerk om ’n gekoördineerde reaksie te verseker?

*(269)*

***11. Mnr T C R Walters vra me A J D Marais, Minister Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid:**

Of sy bewus is dat die Durbanville-polisiëringsforum probleme ervaar om met die Stasiebevelvoerder van die Durbanville-polisiëringsgebied saam te werk; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(270)*

***12. Mnr T C R Walters vra mnr R D Mackenzie, Minister van Kultuursake en Sport:**

Gegewe die uitdagings met jeugwerkloosheid en die nasionale regering se onttrekking van belegging in jeugdiens:

(b) Hoe die Provinsie die Year Beyond-program in 2025/26 (i) handhaaf en (ii) uitbrei en (b) watter tasbare impak hierdie program op jongmense in die provinsie het?

*(271)*

***13. Mnr F C Christians vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

In die lig van ’n verslag in Junie 2024 wat die Kaapstad-hawe geïdentifiseer het as die hawe wat die swakte in die wêreld presteer:

Of hy enige samesprekings met die nasionale Minister van Vervoer gevoer het oor hoe om die hawe se prestasie te verbeter; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(272)*

***14. Mnr F C Christians vra mnr I M Sileku, Minister van Mobiliteit:**

Of hy enige inligting van PRASA ontvang het oor wanneer die stasies in Mitchells Plain in gebruik geneem sal word; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(273)*

***15. Mnr B N Herron vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

Met verwysing na die goedgekeurde munisipale personeeldiensstate en aanstellings van voormalige raadslede van die opposisie in poste in die kantoor van die Uitvoerende Burgermeester van Kaapstad:

Ingevolge die Regulasies op Plaaslike Regering: Munisipale Personeel (“die Regulasies”), gelees saam met artikel 66 van die Wet op Plaaslike Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000):

(1) (a) Wat die besonderhede is van die Raad se nakoming van die Regulasies, as hy die Regulasies nakom, (b) aangesien die Regulasies die Minister in staat stel om kommentaar voor te lê, wat die besonderhede van sy kommentaar is;

(3) of sy Departement enige beswaar teen die aanstelling van hierdie voormalige raadslede van die opposisie aangeteken het; so nee, waarom nie; so ja, wat die aard van die beswaar was?

*(274)*

***16. Mnr B N Herron vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

Met verwysing na sy antwoord op vraag 7 van 14 November 2024:

(1) Watter vordering, indien enige, met die provinsiale regering se ingryping ingevolge artikel 139(1) van die Grondwet en die voorskrif na aanleiding van artikel 32(2) en 176(2) van die MFMA gemaak is;

(2) of die Munisipaliteit aanmaningsbriewe aan die gedagvaarde individue uitgereik het; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(3) (a) watter bedrag, indien enige, van die betwiste besteding verhaal is en (b) wat die volgende stappe is om enige onverhaalde bedrag te verhaal?

*(275)*

***17. Me T Lithakong vra mnr D J Maynier, Minister van Onderwys:**

(3) Of sy Departement enige planne het om ’n nuwe skool in Ashton in die Langeberg-munisipaliteit-distrik te bou; so ja,

(4) of geskikte grond geïdentifiseer is; so nee, (a) wat die rede vir die vertraging is, (b) watter voorsiening gemaak is om ’n voorlopige veilige leerplek vir leerders te skep, (c) wat die tydsraamwerke is om geskikte grond te vind en (d) wanneer die bouproses sal begin?

*(276)*

***18. Me A Cassiem vra mnr D J Maynier, Minister van Onderwys:**

(a) Hoeveel gevalle van afknouery by skole in 2025 tot op hede aangemeld is, (b) in watter distrik die meerderheid van hierdie gevalle van afknouery voorkom en (c) hoeveel van die totale aantal gevalle opgelos is wat aangemeld is?

*(277)*

***19. Mnr N Constable vra mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:**

Met verwysing na die skuiling in Beaufort-Wes:

(3) Of die skuiling aan die Provinsie behoort; so nee, (a) wie in beheer van die skuiling is en (b) watter befondsing aan die skuiling verskaf word; so ja, watter OSW die skuiling bestuur;

(4) of die groter gemeenskap toegang tot die skuiling het; so nee, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(278)*